Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2023

# RELIGIESTUDIES V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 17 bladsye.

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 1.1.1 B – Mitzvot / D – Halakhah √ (1)

1.1.2 B – pad van die heelal √ (1)

1.1.3 C – Brahamas of geestelike leermeesters √ (1)

1.1.4 D – Siddharta Gautama √ (1)

1.1.5 B – Iran √ (1)

1.1.6 B – Abu Bakr / D – Ali √ (1)

1.1.7 B – die Goddelike Lewegemeenskap (Divine Life Society) √ (1)

1.1.8 A – ’n versameling van leringe van die profet Mohammad √ (1)

1.1.9 D – Therevada Boeddhisme √ (1)

1.1.10 B – lering met absolute gesag √ (1)

1.2 1.2.1 **Ooreenkoms**

- Om soortgelyk te wees
- Om ’n ooreenkoms te hê
- Van dieselfde soort te wees
- Twee of meer elemente kan dieselfde in sekere wees

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

1.2.2 **Verskil**

- Verwys na die verskille teenwoordig in en tussen godsdienste.
- Hierdie konsep is ook bruikbaar in die vergelyking van ’n verskeidenheid godsdienste.
- Dit is die teenoorgestelde van ooreenkoms.
- Dit kan gebruik word om tussen spesifieke godsdienste te onderskei.
- Byvoorbeeld, Christendom glo dat die Messias reeds na die wêreld gekom het, terwyl die wat in die Joodse geloof glo vir die Messias wag.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

1.2.3 **Eenheid**

- Harmonie tussen mense.
- Dit verwys na samehorigheid wat tussen godsdienste bestaan.
- Dit beteken ook dat die leringe van verskeie godsdienste versoenbaar met mekaar is.
- Dit is die teenoorgestelde van geskei wees.
- Om een te wees.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

1.2.4 **Uniekheid**

- Dit verwys na daardie eienskappe wat die godsdiens anders as ander godsdienste maak.
- Dit is die eienskappe wat dit identifiseerbaar as ŉ unieke godsdiens maak.
- Daar is ŉ uniekheid in oortuigings, praktyke en normatiewe tekste.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

1.2.5 **Identiteit**

- Identiteit beteken individualiteit.
- Dit beteken die godsdiens het ŉ sekere individualiteit of ŉ sekere persoonlikheid wat dit van ander godsdienste onderskei.
- Dit beteken die bevestiging van waardigheid en waarde van ŉ godsdiens.
- Dit beteken ŉ eksklusiewe godsdienstige identiteit waarin jy sterk met die oortuiginge en leerstellings van die godsdiens identifiseer en dit beskou as dit wat jou lewe definieer.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

1.3 1.3.1 William Shakespeare √ (1)

1.3.2 New York √ (1)

1.3.3 Rome √ (1)

1.3.4 Die Vryheidsmanifes √ (1)

1.3.5 Metodiste kerk √ (1)

1.4 1.4.1 Voorvaders √ (1)

1.4.2 Rome √ (1)

1.4.3 Leierskap √ (1)

1.4.4 Hindoeïsme √ (1)

1.4.5 Yang √ (1)

1.5 1.5.1 F √ (1)

1.5.2 D √ (1)

1.5.3 A √ (1)

1.5.4 G √ (1)

1.5.5 C √ (1)

1.6 **Die verskil tussen *lering* en *oortuiging*.**

- Lering kom van die woord ‘om iemand te leer / te onderrig’, wat eenvoudig beteken om kennis of begrip op een of ander manier oor te dra.
- Lering hou verband met geloof in die sin dat ŉ volgeling geloof in ŉ spesifieke godsdiens sal hê, omdat hulle ŉ stel leringe geleer het wat hulle voel die waarheid is.
- Oortuiging aan die ander kant, is soms ŉ sinoniem vir geloof.
- Dit is ŉ vaste mening / opinie, hoe ŉ persoon voel of dink oor ŉ godsdiens of wêreldbeskouing. (4)

1.7 1.7.1 Onwaar √ (1)

1.7.2 Onwaar √ (1)

1.7.3 Waar √ (1)

1.7.4 Onwaar √ (1)

1.7.5 Onwaar √ (1)

1.8 Al drie godsdienste glo in een God. (2)

1.9 **Voorvaderlike aanbidding**

- ATG leer dat God bo die begrip of beheer van mense is.
- God kan slegs deur die voorvaders bereik word.
- Die eerste generasie voorvaders was van die eerste generasie mense.
- Die voorvaders woon in die geesteswêreld.
- Hulle het die mag om die lewendes te beskerm.
- Hulle kommunikeer met God namens die lewendes. (4)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 **Lering**

- Dit is sistematiese inligting oor aspekte van ŉ godsdiens.
- Lering speel baie belangrike rol in sommige godsdienste, terwyl dit geen rol in ander godsdienste speel nie.
- Lering kom van die woord 'om iemand iets te leer/te onderrig' wat beteken om kennis of begrip van ŉ spesifieke godsdiens oor te dra.
- Lering is ŉ normatiewe verduideliking van iets, sedes of waarde.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.1.2 **Mite**

- Dit kom van die Griekse woord 'mythos' wat woord of fabel beteken.
- Mites bevat soms historiese of metaforiese materiaal.
- Dit verwys na daardie stories wat diepe waarhede oor skepping, lewe en dood onthul.
- Mite vorm die grondslag van lering en selfs dogma in party godsdienste.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.1.3 **Doktrine**

- Is ŉ sinoniem vir lering.
- Dis net soos onderrig, dit het nie noodwendig ŉ negatiewe konnotasie nie.
- Doktrinêr het ŉ negatiewe betekenis.
- Dit kan afwisselend met godsdienstige lering gebruik word.
- Dit is ŉ verklaring van fundamentele oortuigings.
- Dit verwys na ŉ spesifieke deel van ŉ geloofstelsel.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.1.4 **Gelykenis**

- Die woord gelykenis verwys na ŉ storie wat vertel word.
- Om ŉ godsdienstige beginsel te illustreer of om ŉ godsdienstige vraag te beantwoord.
- Dis ŉ kort storie wat ŉ definitiewe moraal/sedes bevat.
- ŉ Gelykenis is ŉ storie wat in kunsvorm aangebied word.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.1.5 **Geloof**

- Word soms as ŉ sinoniem vir die woord 'godsdiens' gebruik.
- Dit mag aanvaarding van ŉ ding, feit of stelling beteken.
- Dis ŉ ferm opinie en dui op vertroue.
- Beteken om te glo.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.2 **Filosofie van ubuntu**

- Die morele orde in die Afrika Tradisionele Godsdiens word deur die konsep van Ubuntu gekenmerk.
- Ubuntu is ŉ Afrika-filosofie van respek van empatie vir mense.
- Kom van die spreek woord ‘umuntu ngumuntu ngabantu’.
- Ubuntu beteken ŉ persoon is ŉ persoon deur ander mense.
- Dit beteken dat jy moet leer om die lewe met ander mense te deel.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.3 **Faktore wat godsdienstige identiteit vorm**

- Die kleredragskode van ŉ spesifieke godsdiens vorm die godsdienstige identiteit van sy volgelinge.
- Die godsdienstige identiteit van ŉ persoon word deur sekere rituele gevorm.
- Die godsdienstige identiteit van ŉ individu word ook deur godsdienstige simbole gevorm.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.4 **Doktrine van reïnkarnasie**

- Dit is op die wet van Karma gebaseer, wat die gevolge van dade impliseer.
- Hierdie doktrine leer dat die siel deur ŉ reeks geboortes en sterftes gaan.
- Die voorbeeld is dat soos iemand verslete klere afwerp/weggooi en ander nuwe klere aantrek, so werp die siel verslete liggame af.
- Nadat die verslete liggaam afgewerp is, gaan die siel ŉ ander een, wat nuut is, binne.
- Die soektog na wêreldse plesier gee aanleiding tot wedergeboorte.
- Volgens die doktrine van reïnkarnasie, word die siel van geboorte na die dood en van die dood na geboorte aangedryf.
- Die siel vergaan nooit.
- Die uiteindelik doel van die lewe is moksha, of die vrystelling van ŉ persoon van lyding.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (8)

2.5 **Verduidelik kanon**

- Dit is ŉ versameling heilige boeke of tekste.
- Dit is ŉ maatstaf vir die verifiëring van heilige geskrifte.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

2.6 **Feite oor die volgende godsdienste:**

2.6.1 **Baha’i se siening oor die toekoms van godsdienste**

- Alle godsdienste sal onder die Bahá’i-geloof verenig wees.
- Dit is die godsdiens van die toekoms.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.6.2 **Hindoeïsme se sosiale struktuur**

- Dit is gestruktureerd op ŉ kaste stelsel.
- Elke kaste het ŉ spesifieke verantwoordelikheid in die samelewing.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.6.3 **Tradisionele genesers in Afrika Tradisionele Godsdiens**

- Tradisionele genesers word geraadpleeg wanneer daar teëspoed in 'n familie is.
- Die tradisionele geneser kommunikeer met die voorvaders.
- Daar word geglo dat kennis van tradisionele medisyne van die voorvaders kom.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 **Vier bydraes wat die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede**

- Die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede (WKGV) het in baie verskillende lande van die wêreld vertakkinge wat saamstaan teen die gebruik van godsdiens om geweld en menslike lyding te ondersteun.
- Die Europese Raad vir Godsdienstige Leiers, het ʼn ernstige beroep op alle godsdienstige leiers van alle gelowe gedoen om hulle bes te doen om die voortgaande geweld en terreur, wat in die naam van God uitgevoer word, te verwerp.
- Die WKGV en sy geaffilieerdes het sterk gereageer op die publikasie van spotprente wat deur Moslems as aanstootlik beskou word.
- Die Wes Europese Intergeloof Jeug Organisasie het deur die ontwikkeling van ʼn intergeloofsnetwerk hulle doelwit bereik en ʼn aktiewe rol in die vordering tot wêreldvrede gespeel.
- Daar word algemeen onder godsdienstige groepe aanvaar dat daar nou meer godsdienstige verdraagsaamheid as van tevore is as gevolg van die WKGV.

**LET WEL:** Enige relevant antwoord moet gekrediteer word. (8)

3.2 **Godsdienstige leringe oor goeie moraliteit**

- In die Afrika Tradisionele Godsdiens plaas die beginsel van Ubuntu die behoeftes van die gemeenskap bo die van die individu.
- Dit verseker goeie moraliteit, aangesien ʼn mense nie ander mag leed aandoen nie.
- In die Christelike godsdiens praat die Tien Gebooie van skadelike optrede wat verbode is.
- Dit lei tot goeie moraliteit, bv. 'Jy moet jou medemens lief hê soos jouself'.
- Islam verkondig die volgende: 'In hulle rykdom en besittings was daar ʼn deel wat die bedelaar en iemand wat ontsê is, toekom.'
- Hierdie lering/leerbeginsel moedig omsien na die armes aan deur middel van verpligte liefdadigheid.
- Volgens Boeddhisme word aanbidders geleer om hulle te weerhou van leuens vertel en om op ʼn goedhartige en doelgerigte manier te praat.
- Volgens Hindoeïsme moet jy 'woorde spreek wat eerlik, aangenaam, voordelig is wat nie stres en angs veroorsaak nie en jy moet die geskrifte bestudeer en resiteer – dit is soberheid van spraak.'

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (10)

3.3 **Intergeloof samewerking tydens apartheid**

- Daar was baie meer intergeloof samewerking gedurende die apartheidsjare.
- Alle godsdienste het een gemeenskaplike vyand gehad, naamlik apartheid.
- As ŉ imam tydens aanhouding gesterf het, het Jode, Christene, Hindoes en andere aan die verset deelgeneem, net soos hulle dit vir hulle eie mense sou gedoen het.
- Die Suid-Afrikaanse vertakking van die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede (WKGV), gelei deur pastoor Frank Chikane en aartsbiskop Desmond Tutu, het ŉ belangrike rol gespeel.
- Verskillende godsdienste het gesamentlike gebedsamekomste gehou om vir goddelike ingryping te pleit.
- Godsdienstige eiendom, bv. kerkgeboue, is vir politieke samekomste gebruik.
- Godsdienstige gemeenskappe het openbare optogte teen apartheidswette gelei en daaraan deelgeneem.
- Anti-apartheidsgroepe het die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, in 1968 gestig.
- Die Oproep van Islam is in 1984 gestig.
- Jode vir Geregtigheid is in 1985 gestig.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (12)

3.4 3.4.1 **Wat impliseer die konsep godsdiens vryheid?**

- Die konsep godsdiensvryheid impliseer dat almal, oral die vryheid van keuse het om oor God te glo wat hulle wil.
- Dit beteken ook dat mense nie gedwing kan word om na ŉ ander godsdiens te bekeer nie.
- In Suid-Afrika geniet mense godsdiensvryheid en die Konstitusie verbied onregverdige diskriminasie.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

3.4.2 **Verduidelik wat met menseregte bedoel word**

- Die konsep menseregte bestaan glo al vir eeue lank.
- Menseregte verwys na die inherente menswaardigheid van mense.
- Menseregte is belangrik aangesien dit mense teen uitbuiting beskerm.
- Menseregte is belangrik aangesien dit die gelykheid van elke mens erken en waarborg.
- Menseregte gee mense spesifieke regte en verantwoordelikhede.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

3.4.3 **Hoe godsdienste prakties betrokke kan wees om godsdiensvryheid, menseregte en verantwoordelikheid te bevorder.**

- In Suid-Afrika gebruik alle godsdienste die geleentheid wat deur die regering gegee word om aan staatsake deel te neem.
- ŉ Voorbeeld hiervan is die NGLF (Nasionale Godsdiensleiersforum) wat advies gee oor sosiale uitdagings en godsdienstige sake.
- Katolieke en Moslems het in 2016 saam in Durban gebid om godsdienstige verdraagsaamheid en godsdiensvryheid te toon.
- In konflikgebiede, soos Soedan, is godsdienstige organisasies betrokke om ŉ oplossing te vind teen ŉ regering wat menseregte misbruik.
- IFAPA stuur altyd afgevaardigdes as waarnemers na die meeste algemene verkiesings in Afrika.
- Alle godsdienste moedig hulle volgelinge aan om die lering/leerbeginsel wat menseregte bevorder.
- Pous Johannes Paulus II het ook die Palestynse en Joodse gemeenskappe besoek om oor godsdiensvryheid en verdraagsaamheid te preek.
- Die humanitêre organisasie Gift of the Givers is ŉ intergodsdienstige organisasie wat liefdadigheidswerk in alle godsdienstige gemeenskappe doen.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (12)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 **Wat is terrorisme?**

- Terrorisme is die moedswillige doodmaak van burgers.
- Dit is geweldsdade wat die burgerlike bevolking terroriseer.
- Dit word vir politieke of ander ideologiese redes uitgevoer.
- Dit kan deur die staat geborg word of vir politieke, godsdienstige of ŉ kombinasie van hierdie redes gebruik word.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

4.2 **Waarom godsdienstige terrorisme toeneem**

- Baie Afrika regerings is swak.
- Hulle het nie gesofistikeerde weermagte en intelligensienetwerke nie.
- Afrikalande het poreuse grense wat toelaat dat misdadigers die lande maklik kan binnekom en weer verlaat.
- Party regeringsamptenare is korrup en ondersteun terroristegroepe vir hulle eie politieke gewin.
- Sommige Afrika-regerings diskrimineer teen sekere stamme of gelowe en so word hulle dus polities uitgesluit.
- Armoede en verwaarlosing deur regerings is vrugbare grond vir ekstremisme.
- Sulke groepe wend hulle dan na geweld.
- Politieke onrus verhoog godsdienstige terrorisme; daarom word godsdiens vir politieke wins uitgebuit.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (10)

4.3 4.3.1 **VOORBEELD 1: Konflik in Noord-Ierland**

- Die konflik in hierdie land is intra godsdienstig.
- Die konflik is tussen die Katolieke en Protestante.
- Hierdie twee groepe behoort aan die Christen geloof.
- Noord Ierland is konstitusioneel deel van die Verenigde Koninkryk.
- Die bevolking is godsdienstig tussen Katolieke en Protestante verdeel.
- Vir dekades baklei sommige Katolieke in Noord-Ierland vir onafhanklikheid vanaf die Verenigde Koninkryk.
- Noord-Ierland het ook met die Republiek van Ierland vir eenheid geveg.
- Die Protestante het weerstand gebied.
- Die uitslae was ŉ lang en stadige burgeroorlog.
- Vandag is daar ŉ herlewing in die geveg vir vryheid, in die vorm van ‘Real Irish Republican Army’.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

**VOORBEELD 2: Palestina en Israel**

- Dit is hoofsaaklik op politieke en grondkwessies gebaseer.
- Die oorlog het ook intergodsdienstige ondertone.
- Joodse setlaars maak daarop aanspraak dat dit hulle Godgegewe grond is.
- Dit gaan oor die begeerte aan beide kante om ŉ land van hulle eie te hê.
- Ekstremiste aan die Palestynse en Arabiese kant sou graag die staat Israel wou vernietig, aangesien hulle dit as ŉ onwettige staat beskou.
- Die geskiedenis het albei groepe genoeg redes gegee om te veg.
- Dit is ook ŉ feit dat Israel voortdurend grond vir nedersettings by die Palestyne afvat.
- Die Palestynse ekstremiste het ŉ selfmoordbomveldtog begin.
- Die selfmoordbomveldtog het tydens die verkiesing die Joodse opinie na regs laat beweeg.
- Beide hierdie dade het die stemme van die gematigdes aan alle kante vernietig.
- Met die stemme van die gematigdes het voorlopige vrede na vore gekom.
- Die gevolge is verergde polarisasie van openbare mening aan beide kante.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (12)

Kopiereg voorbehou 

4.3.2 **Tot watter omvang is die probleem godsdienstig?**

**VOORBEELD 1: Noord-Ierland**

- Noord-Ierland is grondwetlik deel van die Verenigde Koninkryk, wat hoofsaaklik Protestants is.
- Noord-Ierland se bevolking is op godsdienstige wyse tussen die Protestante en Katolieke verdeel, met die Katolieke in die meerderheid.
- Vir dekades al baklei sommige Katolieke in Noord-Ierland vir onafhanklikheid van die Protestantse Verenigde Koninkryk.
- Noord-Ierland veg ook vir eenwording/samesmelting met die Republiek van Ierland.
- Die protestante in beide Ierland en die Verenigde Koninkryk bied teëstand teen ŉ wegbreek deur die Katolieke.
- Die gevolg is ŉ lang en gewelddadige intragodsdienstige konflik.

**LET WEL**: Enige relevant antwoord moet gekrediteer word.

**VOORBEELD 2: Palestina en Israel**

- Die geskiedenis het die twee groepe genoeg redes gegee om te veg.
- Dit is ook ŉ feit dat Israel voortgaan om grond vir nedersettings by die Palestyne af te vat.
- As gevolg daarvan het die Palestynse ekstremiste verskeie aanvalle op Israel gedoen.
- Hierdie aanvalle het Joodse opinie tydens hulle verkiesing na die radikaal godsdienstige regs laat beweeg.
- Met die stemme van die gematigdes is voorlopige pogings aangewend vir vrede.
- Geweld het die stemme van die gematigdes aan beide kante stilgemaak.
- Die gevolge is verergde polarisasie van openbare mening aan beide kante.
- Dit is geensins ŉ godsdienstige konflik tussen Jood en Moslem nie.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (12)

4.3.3 **Wat kan godsdienstige organisasies doen om vrede te bevorder?**

- Godsdiens organisasies kan as bemiddelaars optree om godsdienstige verskille aan te spreek.
- Godsdiens kan die regerings van lande waar godsdienstige konflik plaas vind, aanmoedig om ʼn werkende ooreenkoms te teken dat hulle nie by godsdienstige konflik sal inmeng nie.
- Godsdiens organisasies moet ooreengekome reëls hê vir die oplos van godsdienstige konflik.
- Godsdiens organisasies kan raad gee aan strydende faksies oor ʼn vreedsame samelewing.
- Godsdiens organisasies kan forums vir dialoog skep.
- Godsdiensorganisasies moet verskillende godsdienste en kulture respekteer.
- Verdraagsaamheidsopleiding vir skole en instellings van hoër onderrig moet gestig word.
- Godsdiens leiers en gemeenskappe moet begrip en respek vir ander godsdienste toon.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (12)

**[50]**

## VRAAG 5

5.1 **Stereotipes uit leesstuk**

- Jode is gierig: Nie alle Jode is ryk en gierig nie.
- Katolieke: ʼn Klein minderheid is skuldig aan hierdie misdryf. Daar was ook heelwat vals aantygings.
- Islam: Terrorisme word nie deur Islam aangemoedig nie.
- Boeddhisme: Nie alle Boeddhiste is monnike nie. Sommige Boeddhiste was onlangs by gruwelike menseregte skendings betrokke.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

5.2 5.2.1 **Hoe media oor godsdiens kwessies verslag doen**

- Die algemene houding is om godsdiens negatiewe publisiteit te gee.
- Mediaverslaggewing oor godsdienstige kwessies is oppervlakkig.
- Verslaggewers benader godsdienstige kwessies meesal uit ʼn sekulêre en politieke perspektief/oogpunt.
- Verslaggewers kan selektief wees en slegs dit wat kontroversieel is, publiseer.
- Teenoor ortodokse gelowe is die toon meestal vyandig, terwyl dit teenoor minderheidsgodsdienste positief is.
- Die mense met wie die meeste onderhoude gevoer word, is diegene wat ortodokse godsdienste bevraagteken.
- Verslaggewers kan bevooroordeeld en partydig wees.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (6)

5.2.2 **VOORBEELDE**

- Verslaggewers berig net oor Katolisisme wanneer seksuele misbruik vermoed word.
- Hulle berig nooit oor teologiese of geestelike sake nie.
- Spotprente van Profeet Mohammad is gepubliseer alhoewel Moslem-gemeenskappe die media ingelig het dat Islam nie enige uitbeeldings van die Profeet toelaat nie.
- Meer koerante het die spotprente gepubliseer ten spyte van wydverspreide besware daarteen.
- Minderheidsgodsdienste: Die Baha'i-geloof word positief gedek.
- Ekstremiste bestaan in alle godsdienste, selfs in sekulêre gemeenskappe.
- Godsdienstige ekstremiste in alle godsdienste word egter nie gedek nie.
- Ekstremiste in Islam kry die meeste dekking, terwyl ekstremiste in Boeddhisme (Mahayana) of Hindoeïsme min of geen aandag kry nie.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

5.3 **Faktore wat die media kan beïnvloed oor hoe hulle oor godsdienstige kwessie verslag doen**

- Drukgroepe, in beide burgerlike samelewing en die regering, verseker dat media-artikels hulle belange ondersteun.
- Joernaliste se verslaggewing weerspieël slegs hulle eie vooroordele.
- Joernaliste is dikwels nie kundig oor godsdienste nie, en daarom word inligting dikwels verkeerd geïnterpreteer.
- Nie elke gebeurtenis of storie het dieselfde nuuswaarde nie.
- ŉ Artikel dat alles by ŉ Middernagmis goed afgeloop het, het min nuuswaarde.
- Die media floreer op sensasionalisme.
- Daar word gereken dat negatiwiteit goed verkoop, en so ook misdaad.
- Media mense word dus aangespoor om berigte rondom hierdie temas te organiseer of te 'skep'.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (10)

5.4 **Moontlike gevolge van stereotipering in verskeie religieë**

- Wanneer ons mense op grond van godsdienstige geloof/oortuiging voortydig oordeel, kan ons dalk op so ŉ wyse optree dat dit individue of groepe negatief beïnvloed.
- Dikwels dink ons nie eens oor die stereotipes of vooroordele wat ons het nie en kan ons mense seer maak of benadeel sonder om dit te besef.
- Ons dink dalk dat ons optrede eenvoudig die werklikhede of vermoëns van mans en vroue akkuraat weergee, maar eintlik diskrimineer ons en bevorder ongelykheid.
- Selfs al word ŉ stereotipe as positief beskou of bedoel, kan die feit dat nie alle mense in daardie groep aan daardie standaard voldoen nie, dikwels lei tot ŉ 'positiewe' stereotipe wat spesifieke individue benadeel, bv. Wes-Afrikane is ryk.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (8)

5.5 **Wat kan die media doen om stereotipering van religieë te neutraliseer**

- Verbeter joernaliste se professionele vaardighede.
- Kulturele sensitiwiteit soos om stereotipering te vermy moet aangemoedig word.
- Verhoog media diversiteit.
- Verskerp leierskap in die mediabedryf.
- Ondersteun opvoedkundige en godsdienstige media wat ŉ globale perspektief bied.
- Sosiale media kan groter vryheid van spraak toelaat.
- Dit kan gebruik word om godsdienstige stereotipering uit te daag.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (10)

5.6 **As ’n jongmens, hoe sal jy godsdiens gemeenskappe adviseer oor die gebruik van elektronies media, soos die internet, televisie en sosiale netwerke om te verseker dat hul boodskappe reg verstaan word?**

- Organiseer werksessies en leer gemeenskappe hoe om betroubare inligting na te vors en te publiseer.
- Hulle moet hul optrede/handelinge op ’n ‘ouderdomsgeskikte’ wyse adverteer om die aandag van die kykers te trek.
- Hulle programme moet gebruiksvriendelik en toeganklik wees.
- Kry borge om hulle programme te befonds, sodat dit vir gemeenskappe bekostigbaar sal wees.
- Skep ’n toep (‘app’) wat alle gemeenskappe en die godsdienstige gemeenskap finansieel sal bevoordeel.
- Waarsku die gemeenskap oor valse/onwaar nuus en onakkurate inligting. (8)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou